BOLAND TIMES

BOLAND college • kollege
April 2011
Volume/Jaargang 2:1
www.bolandcollege.com

3
Small, but surging ahead

4
Mnr en Mej Boland Kollege

6
Pret vir 'n goeie doel!

8
Twenty storeys underground!

Boland Times is 'n publikasie van die Afdeling Bemarking en Korporatiewe Skakeling van Boland Kollege.
Vir algemene navrae skakel 021 886 7111/2 of besoek ons webblad: www/bolandcollege.com

Eindredakteur: Jandré Bakker
Redakteur: Tersia Pool
Ontwerp en taalversorging: Heloïse Davis
Advertensiemateriaal en drukwerk: Fishgate

Boland Times is a publication of the Marketing and Corporate Communication Division of Boland College.
For general enquiries contact 021 886 7111/2 or visist our website at www/bolandcollege.com

Editor in Chief: Jandré Bakker
Editor: Tersia Pool
Design and editing: Heloïse Davis
Advertising material and printing: Fishgate

Another Norwegian visit brings great excitement for Boland College

Added impetus has been lent to the existing information exchange agreement between Boland College (BC) and certain Norwegian colleges by a further visit of educators from this Scandinavian country during February of this year.

Two lecturers and six senior students from Norway visited several of BC's campuses to gain firsthand knowledge of student activities. The Norwegians sat in on classes, gave the campuses a thorough look over and also made time to answer local students' questions extensively and exchange views and experiences with them. This communication was exhilarating and exciting with the result that intense discussions ensued.

This recent visit follows not long after a similar one last year by various Norwegian college heads which led to the above-mentioned information exchange agreement. The Norwegians committed themselves to closer co-operation and assistance in endeavours to extend the entire learning experience for their own students and those of BC.

During the February visit the Norwegians gave BC students a full report on the colleges with which they are associated in Norway. They also intimated that it would be expected from them on their return to Norway to render extensive reports to their various institutions about their visit here. Consequently their visit here was well documented and as one of them explained "we take in everything so that we are able to tell our colleagues in Norway in full detail about all the activities we learnt about at Boland College."

Their visit here was, however, not all about work and relevant matters as they also found time to visit several tourist attractions in the Western Cape such as Table Mountain, the V&A Waterfront in Cape Town, Robben Island, Franschhoek, Ceres and its Zip slides, Strand and other spots in the Helderberg Basin and the Overberg. They also made sure of not missing out on a visit to a major part of the Wine Route.

Norwegian tutors and students chatting to their Boland College counterparts. The Norwegians visited several of Boland College's campuses in February of this year.

Jandré Bakker, BC's Manager: Marketing and Corporate Communication, says it was an absolute privilege to act as host to these educators from Norway. "It is with great anticipation and excitement that we await further developments between our colleges and what the future holds for our mutual information exchange commitment."

Die oudste student aan Boland Kollege…

Nooit te oud om te leer of te lei nie, was die siening van groot figure in die wêreldgeskiedenis soos pres Ronald Reagan van die VSA en dr Kurt Adenhauer van die eertydse Wes-Duitsland. Mev Aletta Windvogel, wykslid van die Munisipaliteit Langeberg, val ook in dié kategorie, want sy het Boland Kollege (BK) se oudste student geword toe sy op ouderdom 83 deel gehad het aan 'n kursus!

Me Ronel Herbst, Programbestuurder (Tale) op die Worcester Kampus, is in November verlede jaar deur Innovasie en Ontwikkeling genader om geakkrediteerde opleiding vir Langeberg se wykslede aan te bied. Vir drie agtereenvolgende Saterdae het sy vir dié doel Bonnievale, Ashton en Montagu toe gereis.

Mev Aletta Windvogel (derde van regs) en die wykslede van Langeberg-munisipaliteit.

Herbst vertel: "Op die tweede Saterdagoggend daag die 83-jarige mev Aletta Windvogel op vir die kursus en met 'n waardigheid neem sy haar portfolio op. Sy en die ander se leergierigheid oor vergaderingsprosedures was inspirerend en die ywer en erns waarmee veral die ouer en meer volwasse leerders die werksessies aangepak het, het my verstom."

Herbst sê die respekvolle en liefdevolle wyse waarop die ander wykslede teenoor mev Windvogel opgetree het, het haar dadelik opgeval. "Dit het my laat besef hoe 'n merkwaardige mens sy is," meen Herbst.

Boland Kollege lig die hoed hoog vir Aletta Windvogel. Wat 'n navolgenswaardige voorbeeld het sy nie gestel nie; wat 'n besonderse mens, wat 'n student!

Keep your 2011 diary open for Boland College Open Days.

Come experience hands-on education at its best.
Stellenbosch Campus 29 July • Worcester Campus 12 August
Caledon Campus 12 August • Strand Campus 19 August • Paarl Campus 26 August

All Open Days take place at the respective campuses, except the Stellenbosch Campus Open Day, which will be held at Stellenbosch University.

HEAD OFFICE t: 021 886 7111 I www.bolandcollege.com

BOLAND college • kollege

kuier op die kampus...

saam met Daniël Lötter

Vaardigheidsbestuurder, Innovasie en Ontwikkeling
en Projekbestuurder: VKO Leerderskappe

Ek het oor die afgelope twee weke 'n rondte besoeke gedoen by die kampusse en gaan inloer by die ECD leerderskappe. En afgekom op 'n kosbare debat…

In een van die klasse is daar vier Xhosa-dames wie se begrip van Engels net 'n bietjie beter is as dié van Afrikaans, en laasgenoemde grens aan nul! In dieselfde klas is daar 'n paar plaasskooltannies vir wie Engels weer 'n lae hou slaan – hulle praat Afrikaans en klaar. En die klas word in Engels aangebied…net in Suid-Afrika, né!

Op hierdie spesifieke dag, terwyl ek agter in die klas besig is om portefeuljes na te gaan, gebruik die fasiliteerder toe die voorbeeld van 'n seeperdjie om 'n punt te illustreer. En die term "seahorse" veroorsaak probleme onder die Xhosa-groep. Hulle ken net een soort perd, en dié is 'n hele paar keer groter as wat die fasiliteerder nou beduie! En 'n perd wat in die see swem – aikôna!

Op hierdie punt besluit een van die Afrikaanssprekende studente om haar klasgeevaardighede te bewys en die verwarring uit te klaar.

"How kên djoe not nou what he siehôrs ies? Iet ies de fiesjfieng det loeks laaik he hôrs, bat lifs ander de siewhôter"

En hier daal die duister behoorlik. 'n Perd wat 'n vis is, maar nie 'n vis is nie en ook nie 'n perd nie en boonop nog onder die water bly! Ek sien 'n blitsvinnige konferensie met vele gebare vind plaas in Xhosa. Die tonge klap simpatiek en die koppe skud in verbysterde ongeloof…hierdie perd is ver verby God's genadige insig!

En die hulpvaardige aspirant-kleutersorgjuffrou spit die volgende sooi.

"Djoe nou what a siekêt ies?"

Nou is dit kant-en-klaar nag! Nie alleen 'n perd nie, maar ook nou nog 'n kat wat 'n vis is wat nie 'n kat òf 'n vis is nie! Ek sluk winde soos 'n klein babatjie om my lag te beteuel en besluit om my beperkte vermoëns aan te bied, want teen hierdie tyd is die arme fasiliteerder se oë koeëlrond soos wat sy aan haar lag stik. Maar voordat ek kan aanbied om 'n prentjie van 'n siehôrs en 'n siekêt te teken, probeer die hulpvaardige asem vir oulaas.

"Dount get konfjoesd." En in my sondigheid is ek dankbaar dat sy nie sê: "Dount get through-each-other nie!"

"Dount get konfjoesd. Iet ies djas he whird, laaik whie dount sy ien Afrikaans: djiraf, whie sês kameelperd, ês ien kêmilhôrs."

Toe gaan teken ek maar die twee prentjies op die bord en ek sien die ligte gaan aan, voordat ons naderhand nou nog by 'n "seacow" ook uitkom, want dié is beslis nie 'n vis nie, nie 'n koei nie en woon ook nie in die see nie…daardie chaos wil ek my nie eers voorstel nie!!!!

Op pad terug sit en kry ek spyt dat ek nie die gesprek sy gang laat gaan het nie. Ons kon die Engelse Soölogie-handboeke oneindig verryk het. 'n Trapsuutjies kon mos nou maklik 'n Stepsoftly geword het. Om nie te praat van 'n paar Lazy Snakes of 'n Farmer Goat nie! En die moontlikhede van die insektewêreld is onbeperk – van Horsebees verby Forestlice tot Kêkkerlêkke! Ag ja, net in 'n ECD klas, net in Suid-Afrika kry jy sulke verbysterende nuwe insigte!

Daniël

Boland College walks the talk

Boland College (BC) welcomed the year with great excitement as it geared up for the influx of students, parents and guardians for the 2011 registration period. Not only were targets – as set in accordance with new planning documents of the National Department of Higher Education and Training – met before the end of registration, but plans were also made to accommodate the hundreds of students on the waiting list.

One of the highlights of the registration period for BC was the enlargement of its class groups due to the demand of students to further their education and training at this SABS approved college.

Despite the confusion of the announcement in 2010 that the N4 programmes would no longer be offered at the FET Colleges and then the announcement of the N4 programmes being offered at the FET Colleges, the number of N4 students increased each day. These popular programmes were supported by an unseen influx to the NC(V) programmes where many students had to be put on waiting lists pending approval to admit larger numbers than projected.

The placement of the NC(V) in the right career/programme choice was supported by the CAP (Competency and Placement) test and the assistance and guidance of dedicated student support officers on the various campuses. "This is one of our most important functions," said Amanda de Villiers, Manager: Student Support Services, adding: "Placing the student in the right field of study and identifying learning barriers in order for lecturers to tailor make academic support programmes proves to be one of the best tools to ensure a high level of through-put."

Jandré Bakker, Manager: Marketing and Corporate Communication, said the number of students that had registered was an exciting development. He added: "We are glad that we can help so many students fulfil their dreams by furthering their studies at our College through education in action. The hard work of each staff member who supported the marketing and recruitment initiatives paid off and ensured that the right profile of students was sourced.

During this time BC also plays an active part with regard to the Maties Community Service (Stellenbosch University's social responsibility arm) and is involved in all activities to assist in raising money for a worthy cause. The so-called Windows mini-plays were one of the highlights to which thousands of people flocked to watch the students act their hearts out for this good cause. Kolonieshof (male residence on BC's Stellenbosch Campus) won the Trolley Dash (the Rag's J&B Met) by leaving the other residences of Stellenbosch University trailing in their dust. The colourful float also created quite a stir through town during the annual float parade – for this effort they teamed up with ISA Carstens Health and Wellness Academy. All of these activities support BC in developing a well balanced student.

Kolonieshof (Boland College male hostel) teaming up with the ISA Carstens Health and Wellness Academy for Maties Rag in aid of Maties Community Service.



Pictured here are from left: Mr Johan Ryk, Western Cape SETA Cluster Co-ordinator, Ms Nonala Buthelezi, Manager: Narysec – Skills Development, Lindelwa Bono and Mr Thembelani Nxesi, Deputy Minister of Rural Development and Land Reform. Lindelwa was a student and fantastic inspiration to all – she struggles to get out of her house due to a severe handicap, but took part in every single activity and completed the course inspiring her fellow trainees and facilitators who supported and helped her in participating in class activities.

BC leads collaboration to empower young minds

The NARYSEC programme, launched in November last year, formed part of the first phase of the Department of Rural Development and Land Reform's effort to train the youth of South Africa in a Life Skills programme which included topics such as time management, conflict, decision-making and problem solving, presentation skills, HIV/Aids and introduction to computers.

Boland College, in collaboration with South Cape and West Coast Colleges, played host to 600 aspiring youths enrolled for such a programme funded by the aforementioned government department – 229 of them made Boland College's Paarl and Worcester Campuses their home for the duration of the programme.

During the day the attendees participated in various life skills workshops and were also taken on several excursions – during the evening they participated in other activities such as tree planting ceremonies, a talent competition referred to as Boland's got talent and various other excursions to Western Cape heritage sites. The winners of the talent event were called upon to provide the entertainment during the prestigious award ceremony, hosted at the Worcester Campus.

Awards Day was attended by the Boland College and West Coast College NARYSEC students, their programme leaders and the Deputy Minister of Rural Development and Land Reform, Mr Thembelani Nxesi.

Programmes similar to these, along with others such as the Wealth Management programme (in collaboration with the other Western Cape Public FET Colleges), show the influence that the FET sub-system can wield to bring about change in South African society when they join hands.

"We are proud to have been part of this project with our sister colleges," said Rona van der Westhuizen, Senior Manager, Implementation at Boland College's Innovation and Development Department.

Kleinmond still small, but SURGING ahead

The satellite campus of Boland College (BC) at Kleinmond has proved to be a force to be reckoned with and has done the institution proud since its inception in 2009. A course in Office Administration is presented here and this year sees the first Level 4 group consisting of students from the first intake.

Not only are student numbers, as well as interest in the campus, on the increase, but results have also been encouraging and in some cases outstanding.

An example of the standards that are being set, was the achievement of Candice Louis (picture) (now Level 4) at the end of 2010. She did her campus proud by achieving the third best marks for all the FET Colleges: 98% for Office Data Processing, which is lectured at Kleinmond by Ms Eloise Britz. The achievements of most of her fellow students were also heartening.

Nestled among large and very old trees on the main road running through Kleinmond, BC's Kleinmond Campus is creating new and exciting opportunities, not only for local young people, but also aspiring career persons from neighbouring communities.

Arno is Worcester Kampus se TROTS

Arno Gelant (foto) is 'n jong man met groot ideale en sy kop staan vir niks op aarde verkeerd nie. Hy het reeds deeglik sy merk op akademiese gebied gemaak en spog met 'n indrukwekkende gemiddeld van tussen 85 en 95 %. Hy is 'n student wat uittroon en vir wie groot dinge in die toekoms voorspel word. Arno is voorwaar Worcester Kampus, met sy meer as 1 000 studente, se trots – hy lewer in alle opsigte puik werk. *Boland Times* het met hom gesels.

Vertel ons iets meer oor jou agtergrond?
Soos talle ander studente kom ek ook maar uit moeilike omstandighede; glo my ek ken van swaarkry. Maar ek het nooit in enige stadium toegelaat dat my omstandighede my onderkry nie. Ek kom nie uit 'n familie met volop geld nie, maar een wat wel ryk is aan respek, ordentlikheid en dissipline, en dit is wat my betref waardes wat geld nooit sal kan koop nie .

Wat studeer jy en waarom?
Ek swot Boerderybestuur. Nadat ek die skoolbanke verlaat het, het ek 'n groot liefde en agting vir die landbousektor ontwikkel. Ek het toe besluit om dit my loopbaankeuse te maak. Ek geniet my kursus onbeskryflik baie en is vol vertroue dat ek daarvan 'n groot sukses sal maak.

Wat inspireer jou om suksesvol te wees?
My familie en vriende, want hulle bied my deurentyd al die nodige liefde en ondersteuning. Ook put ek heelwat inspirasie en moed daaruit deur so nou en dan 'n goeie boek te lees, en om my ore gedurig gespits te hou op dit wat, as ek dit so mag stel, die regte dinge tot gevolg behoort te hê.

Hoe balanseer jy jou akademie met jou verantwoordelikheid as studenteleier?
Dit is uiters belangrik om altyd deeglik te identifiseer wat jou prioriteite is, en in my geval is dit beslis en onteenseglik my akademie, hoewel studente se welstand ook vir my van ontsaglike belang is. Dit bring dan mee dat ek minstens twee keer so hard soos die gemiddelde ander student moet werk om op akademiese gebied buitengewoon te kan presteer. Maar ek glo onvoorwaardelik dat harde werk en toewyding sukses bring. Dit is ongetwyfeld so.

Waar sien jy jouself in die toekoms?
Na my studie sal ek uiteraard hopelik die arbeidsmark betree. Ondertussen beplan ek ook om na aanstaande jaar 'n deeltydse kursus te doen. In hierdie stadium sien ek myself oor 'n paar jaar as 'n onafhanklike persoon wat enige tipe verantwoordelikheid sal kan aanvaar en suksesvol hanteer. Dit is kortweg my toekomsplanne, maar ek weet natuurlik nie wat God vir my beplan nie.

Mnr en Mej Boland Kollege se Gemeenskapsprojekte 2011

Veel meer as net MOOI GESIGGIES ter sprake

Boland Kollege (BK) bied jaarliks die nou reeds bekende Mnr en Mej Boland Kollege-kompetisie op kampus (met kampus-uitdunne by elke kampus) sowel as op kollege vlak, aan. Met die finale kroningsgeleentheid, wat in September plaasvind, ding alle kampuswenners mee om die gesogte titel.

BK beskou sosiale verantwoordelikheid en die opheffing van die gemeenskap as 'n integrale rol van enige organisasie. Dit is met hierdie doel dat die kandidate wat vanjaar ingeskryf en genomineer is, uiteindelik die beste ambassadeurs vir die Kollege sal wees deur by gemeenskapsprojekte betrokke te raak of met nuwe innoverende projekte vorendag te kom en te laat realiseer.

BK se doelwitte vir vanjaar sluit in:

- Om sosiale verantwoordelikheidsprojekte per kampus saam met die Studenteraad (SR) te identifiseer
- Om 'n projek te identifiseer en per kampus van stapel te stuur om sodoende studente te betrek in hierdie belangrike arena
- Om reklame te genereer vir studente-aksies in ons verskeie gemeenskappe
- Om "goeie" burgers te wees in die gemeenskap
- Om Boland Kollege se naam uit te dra as 'n "omgee-kollege".

Wat kriteria vir die finaliste betref, moet hulle bereid wees om 'n diens aan die gemeenskap te lewer. Dus moet die finalis "mooi" van binne en buite wees; sy/hy moet die studente mobiliseer en motiveer om deel te neem aan die projek en leierseienskappe moet geopenbaar word.

- Die projek moet 'n spesifieke sosiale behoefte in die gemeenskap waar Boland Kollege geleë is, aanspreek
- Die projek/aktiwiteite moet positiewe (bewysbare) resultate oplewer
- Die projek moet 'n volhoubare een wees wat in die toekoms 'n voortbestaan het
- Alle kampusinskrywings moet visueel voorgehou word deur middel van 'n portefeulje wat aan die beoordeelaarspaneel gelewer moet word.

Hier is Mej Caledon Kampus, Rashay Marais (voor, links) en Mnr Caledon Kampus, Cheslin Jantjies, saam met (agter, vlnr) Ulaylea du Toit (2de prinses), Kelly White (1ste prinses) Ynthim Mitchell (1ste prins) en Joshua Daniels (2de prins).

So lyk Mej Boland Kollege Paarl Kampus, Mary-Ann Tusky, en Mnr Boland Kollege Paarl Kampus, Kirwan Klaase.

Tanweer Manuel (Mnr Boland Kollege Stellenbosch Kampus) en Melody May (Mej. Boland Kollege Stellenbosch Kampus).

Heel bo: Mej Boland Kollege Strand, Cindy-Lee Siebritz (middel) poseer hier saam met haar twee prinsesse, Lizzy Kruger (links) en Vuyokazi Stena pas nadat die vermelde skoonheidstitel aan haar toegeken is.

Bo: Wade Eiman (middel) verskyn hier saam met sy twee prinse, Tameemoedien Wood (links) en Brendin Mourratts nadat hy die titel Mnr Boland Kollege Strand ingepalm het.

Carissa Thops (derde van regs) is as Mej Boland Kollege Worcester Kampus aangewys en Enrique Phillips (langs haar) het met die titel, Mnr Boland Kollege Worcester Kampus, weggestap. Hanelise Jeneke (naasregs) was 1ste prinses en Raybirma Adams (regs) 2de prinses. Mark Arco (naaslinks) is as 1ste prins aangewys en Rodwill Claasen (links) as 2de prins.

Alumni Boland Kollege Alumni Boland College Alumni

Superster (en oudstudent) ARNO JORDAAN gesels met ons

Arno Jordaan, die immergewilde Afrikaanse sangster, is 'n oudstudent van Boland Kollege. Hy was 'n kranige rugbyspeler en sou na alle waarskynlikheid groot hoogtes daarmee bereik het, maar het besluit om dié sportsoort vaarwel te roep ter wille van sy sangloopbaan wat sedert 2004 meteoriese vordering gemaak het. Een van sy sangalbums het reeds platinum status bereik en twee het goud gehaal – hy het homself sedert sy debuutalbum, *Altyd*, sowat sewe jaar gelede bewys as kunstenaar wat onlosmaaklik deel van die Afrikaanse musiekbedryf is. Arno het te midde 'n erg bedrywige skedule tyd gevind om vir ons enkele vrae te antwoord…

Wanneer het jy by Boland Kollege se Stellenbosch Kampus gestudeer en watter kursus het jy geloop?
In 2003 en ek het Sportadministrasie en Bemarking geswot.

Hoe lyk 'n tipiese dag vir Arno Jordaan?
Staan vroeg soggens op, gaan speel of gholf of doen besigheid. Indien ek die vorige aand 'n vertoning gehad het, sal ek bietjie laat lê. Indien ek 'n vertoning die aand het, moet ek die oggend vroeg dalk al vlieg na die dorp waar ek moet optree; sodra ek daar kom, doen ek 'n klanktoets en gaan rus dan voor die vertoning. Indien ek nie moet vlieg nie, sal ek teen die middag begin gereed maak vir die vertoning, hang af waar dit gehou word en dan na die plek van optrede ry. Die aande wat ek nie 'n vertoning het nie, sal ek of rustig tuis bly of miskien gaan fliek.

Wat onthou jy van jou studentedae en -lewe?
Ek was ongelukkig nie lank daar nie, maar ek onthou die lekker gees onder die manne en dan natuurlik ook die rugby – veral die wedstryd toe ons vir Helshoogte (my broer was primarius daar), gewen het.

As jy jou lewe kon oorhê, sou jy iets daarvan verander het?
Nee, beslis nie, ek is regtig tevrede waar ek is en dankbaar vir dit wat na my kant toe kom.

Waar sien jy jouself oor tien jaar?
Beslis nog in die musiekbedryf en beslis nog meer suksesvol as nou.

Wat doen jy vir ontspanning?
Speel gholf, duik, skiet boog, gaan fliek.

Watter boodskap het jy vir toekomstige en huidige studente?
Glo in jouself en doen elke dag jou allerbeste. Onthou wat jy saai, sal jy maai.

Oudstudent van Boland Kollege glo ervaring is noodsaaklik

Boland Times het onlangs op Kuilsrivier met 'n oudstudent van Boland Kollege (BK), Morné Goosen, gesels en hom gevra om sy ervaring van BK met ons te deel.

Morné, wat in 2003 suksesvol in Finansiële Bestuur aan BK afgestudeer het, maak reeds vinnige opgang in die finansiële wêreld.

Hy het baie gou die belangrikheid daarvan besef om so gou as moontlik ervaring op te doen en het hom as jong afgestudeerde by die Wine Machinery-groep aangesluit.

Kort daarna is hy 'n pos by die Panorama Laserkliniek aangebied waar hy nie minder nie as tien entiteite (besighede) binne die maatskappy se boeke hanteer het.

Daarna het hy 'n draai by Vredebest Plase gemaak voordat hy in die Moederstad in die pos van rekenmeester by Tray International aangestel is. By Tray moes hy swaar leun op sy ervaring aangesien hy die boeke van sewe internasionale takke moes hanteer. Hierdie takke het onder meer Zimbabwe en Mosambiek ingesluit.

Sê Morné: "Sewe internasionale takke met sewe lande se verskillende geldstelsels – dit was nogal 'n uitdaging, maar in die proses het ek wonderlike ondervinding opgedoen."

Morné is tans reeds drie jaar rekenmeester en kantoorbestuurder van Peninsula School Feeding (PSF), die grootste voedingskema in Wes-Kaap. Dié skema sorg dat 320 000 skoolkinders elke dag gevoed word.

Hy verklaar onomwonde dat sy studies aan Boland Kollege hom van die nodige praktiese ervaring voorsien het om alle uitdagings wat die nywerheid sy kant toe gooi, die hoof te bied en alles wat hy geleer het, kan hy daagliks in die werksplek toepas.

"Die kursus lê voorwaar 'n voortreflike grondslag en ek gaan nog gereeld terug na my boeke toe om seker te maak of dit wat ek doen, korrek is".

Sy raad aan huidige studente wat Finansiële Bestuur swot, is dat die eerste twee jaar na jy jou studies voltooi het, geldmaak nie die belangrikste is nie. "Doen soveel moontlik ervaring as wat jy kan op, dit is meer waardevol as geld vir jou toekoms," sê hy.

Sedert 2009 is Morné ook lid van die Institute for Certified Bookkeepers (ICB).

Boland Kollege se Alumniklub se ledetal groei steeds. Huidige studente wat vanjaar afstudeer, word hartlik genooi om voor hulle die Kollege verlaat hulle besonderhede te verskaf om sodoende te verseker dat hulle deel bly van die Boland Kollege-familie. Oudstudente is ook steeds baie welkom om by die klub aan te sluit en word versoek om hulle besonderhede aan alumni@bolandcollege.com te stuur.

www.fishgatte.co.za_BC_2079

Is jy `n oud-raakvatter?

Word dan deel van Boland Kollege se Alumni-vereniging. Ons hoor gereeld van werksgeleenthede en sal baie graag met jou in kontak wil bly. Stuur jou besonderhede aan alumni@bolandcollege.com, en ons sal jou laat weet van enige funksies of werksgeleenthede wat vir jou van belang kan wees.

BOLAND college • kollege
ALUMNI

Besoek ons webtuiste vir meer inligting.
www.bolandcollege.com

Paarl Kampus se Huis Bruwer

BLINK UIT vir KANSA

Paarl Kampus se Huis Bruwer het onlangs weer eens die jaarlikse Shavathon namens Kansa (die Kankervereniging van SA) in die Paarl behartig en meer as R12 000 ingesamel.

Huis Bruwer se huiskomitee en studente het die stalletjie in die Paarl-winkelsentrum met enorme geesdrif beman en al 24 van hulle het van 08:00 die oggend tot 17:00 die middag behoorlik bontgestaan. Daar is beurte gemaak om te skeer, te spuit, gesiggies te verf en om die sentrum in te vaar om mense na die stalletjie te lok en ook blik te skud vir donasies.

Dit is die derde jaar dat Huis Bruwer by die jaarlikse Shavathon betrokke is, en die tweede keer dat haar inwoners die stalletjie alleen behartig. 'n Verstommende bedrag van R12 055 is ingesamel. Riël Stofberg, superintendent van Huis Bruwer, sê die studente se ongelooflike toewyding, uitbundige entoesiasme en opregte vriendelikheid was uiters aansteeklik en het onmeetbaar tot die sukses van die dag bygedra.

Foto's geneem tydens die jaarlikse Shavathon in die Paarl-winkelsentrum waar studente van Huis Bruwer op die Paarl Kampus meer as R12 000 vir die Kankervereniging van Suid-Afrika (Kansa) ingesamel het. Op die foto bo is Rolene Koopman, SR-voorsitter van die Paarl Kampus en 'n inwoner van Huis Bruwer, by 'n dogtertjie wat op die oomblik behandeling vir kanker ontvang. Rolene het haar gesiggie geverf en lank met haar gesels oor haar behandeling. Rolene was diep geroer om te hoor hoe dié behandeling haar raak.

Vodacom Yebo Millionaires 'invade' Boland College

During February and March of this year the Vodacom Yebo Millionaires "invaded" the Caledon, Stellenbosch, Paarl and Worcester Campuses of Boland College as part of their RICA and Color campaigns.

Students on the various campuses were greeted by loud and pounding music, freebies such as T-shirts and hats, and Vodacom starter packs during the Vodacom Yebo Millionaires promotion on the aforementioned campuses. Several students had to work hard to earn these freebies as they took to the floor to show off their dance moves in the hopes of standing a chance to win one of the Vodacom hampers. They – as part of all the fun and hype – were eligible to also enter an SMS competition, in which a spanking new car featured as one of the prizes!

"We at Boland College align ourselves with industry leaders as we too are an industry leader. Therefore the relationship between Vodacom and Boland College is well suited and we look forward to building on this in the future," says Jandré Bakker, Boland College's Manager: Marketing and Corporate Communication.

The Yebo Millionaires now have their sights set on the Strand Campus to round off their total "invasion" of Boland College. This should take place sometime during the next couple of months and the hype, fun and excitement that these Millionaires bring with them ought to be loads of fun for the students on the Strand Campus too.

Werwingskompetisie 'n groot sukses

Vier studente van vier verskillende kampusse van Boland Kollege het elk 'n R1 000 in 'n studentewerwingskompetisie gewen wat einde verlede jaar en vroeg vanjaar op al die Kollege se kampusse van stapel gestuur is en waaraan alle studente ingevolge vasgelegde reëls kon deel hê.

Die kompetisie het bepaal dat die student wat die meeste studente werf om by Boland Kollege in te skryf, 'n kans staan om R1 000 in kontant te wen – die reëls het bepaal dat studente alleenlik kon deelneem en vir die R1 000 in aanmerking kom indien hulle drie of meer studente na enige van die kampusse kon bring wat aansoek gedoen en hulle aansoekfooi van R100 betaal het.

Strand, Paarl, Caledon en Stellenbosch Kampusse het reeds elk hulle onderskeie wenners aangedui – hulle is Ryno Vosloo (Strand), Yanga Manjiya (Paarl), Carlo Gordon (Stellenbosch) en Livingstone Masiyiwa (Caledon). Elkeen van hierdie studente het R1 000 harde kontant in hulle sak gesteek en nou staan hulle nog boonop 'n kans om later vanjaar met die groot prys, 'n skootrekenaar, weg te stap.

"Boland Kollege is bly dat sy studente so graag aan hierdie kompetisie wou deelneem en ook dat hulle trots was om hulle ervaring met hul vriende en familie te deel sodat dié as't ware ook deel kon word van die groot Boland Kollege-familie," sê Jandré Bakker, Bestuurder: Bemarking en Korporatiewe Kommunikasie.

Boland Kollege is voorwaar trots op hierdie studente en bedank hulle van harte vir hul bydrae.

MOT student, Olwethu, excels

"Adolescence was never easy, how much more difficult today when young people are faced with many pressures and temptations." *– Archbishop Emeritus Desmond Tutu*

Three years after first roll-out, the MOT programme has become an integral part in the holistic development of especially first year students at Boland College and both staff and students are still inspired by the rewards this programme yields.

"Never stop dreaming, no matter what happens in life!" This was the message – loud and clear – from the award winning Student Role model of 2010, Olwhetu Penxa.

The first MOT International conference was hosted in December 2010 at Spier Estate outside Stellenbosch by MOT South Africa. The purpose of the conference was to acknowledge, motivate and strengthen the educators, the MOT presenters, for this critical task. These presenters were given the opportunity to exchange information with their counterparts from Norway and obtain inspiration from some of the world's most renowned keynote speakers.

The conference concluded with a gala award ceremony during which Olwethu received two awards – "Best Boland College Role Model" and "MOT Student Role Model of the Year"

"I was very excited and still can't believe that I won these prestigious awards" said Olwethu. "I would like to thank my MOT presenters, Mrs Minnaar and Mrs Petersen for their input in my life and I also wish to express my gratitude to Boland College for giving me this opportunity".

Olwethu is of the opinion that MOT is not just for teenagers but for anyone that needs encouragement to overcome their fears and their past. She is currently studying NCV Tourism Level 3 at the Boland College Paarl Campus and is still viewed as a very strong leader and role model in the student community.

Wanda Moller, CEO of MOT South Africa, explained the nomination process: "The MOT presenters at all the FET Colleges had the opportunity to nominate students for the MOT Student Role Model of the Year Award that was made for the first time in 2010.

They were given strict criteria in terms of the students' leadership abilities, taking responsibility, the students' outlook on life, self-confidence, respect for people's differences and opinions, and exhibiting the MOT values of courage to live, courage to care and courage to say no."

She continued: "After the nominations were received, personal interviews were conducted with all the nominees.

Pictured here from the left are Prof Eltie Links, chairperson of MOT SA, with Olwethu Penxa (Student Role Model) and MOT SA Brand ambassadors, Sasha-Lee Davids, Soli Philander and Natalie Becker.

Olwethu's positive outlook on life, her ambition and self-confidence, and her respect and care for others, apart from all her other qualities, made her a well deserving winner of the award."

Mr Brian Phike, MOT co-ordinator and Deputy CEO Education and Training at Boland College, said that the colleges' involvement with MOT not only reflected a commitment to building relationships with counterparts abroad, but also showed the public that colleges are not merely for the academic development of youth, but are committed (and here he made special mention of Boland College) to the holistic development of their students through programmes such as MOT and other student support initiatives.

A huge first for Boland College

The pride of Boland College – pictured here at the Paarl Campus are eight of the 12 students who notched up a huge first for the College by graduating as Technical Financial Accountants (NQF Level 5 SAQA ID 36213) from the Institute of Certified Bookkeepers (ICB). Proudly displaying their diplomas are (from the left): Harold van Wyk, Chandré Cupido, Karen van Dyk, Rona van der Westhuizen, Maricjke Marx, Davine Edwards and Alta Nel with Zhuale Sha standing at the rear. Rona and Alta are lecturers in the Faculty of Economic and Management Sciences. The qualification they obtained is internationally recognised. These students completed all eight modules needed to graduate with the Diploma. The four students who were absent when this picture was taken are Elrien du Plessis, Jacqueline Lambert, Nerine Burger and Jo-Ann Arendse.

BC thanks ELRU for books

Annette le Roux, Skills Manager at the Worcester Campus and Annina Marais, Facilitator for Level 5 learners at the Paarl Campus of Boland College (BC), have expressed their sincere gratitude to ELRU for book donations. Le Roux says as the Worcester Campus where she is based has "the majority of ECD learners in die BC family" they received three sets. Marais says the book donation "will be a valuable resource for all Level 5 learners at Paarl Campus." Expressing sincere thanks for helping to extend the frontiers of knowledge in such an exceptional manner, the two tutors also sent photographs to ELRU showing extremely grateful and beaming students glancing at and paging through the books given to them.

Gemeenskapsveiligheidstudente VAT WEG VOOR!

"*Oop Orde, Mars*" – dié bevel dui meestal die aanvang van die dag vir Boland Kollege se Gemeenskapsveiligheidstudente aan. Trots en kersregop marsjeer hulle dan gewoonlik verby ander studente van Boland Kollege en wys sodoende waarom dié kursus so anders is.

Dit is die eerste keer in 2009 op die Worcester Kampus van Boland Kollege aangebied en sommer vroeg-vroeg het die besef posgevat dat hierdie kursus 'n groot sukses gaan wees. En met 'n inname van 127 (Vlak 2)-studente in 2011, kon niemand meer enige twyfel oor die gewildheid van die kursus hê nie.

Nie net het die Gemeenskapsveiligheidstudente 'n uitstekende slaagsyfer nie, maar hulle spog ook met die feit dat vyf van hulle klasmaats in die Studenteraad dien. En boonop was Shireez Pietersen (Vlak 3) ook in 2010 Mej Boland Kollege. Uiteraard weet mens nog nie presies wat vanjaar alles vir hulle gaan inhou nie, maar hoe dit ook sy, hierdie studente het in die verlede reeds telkemale bewys dat hulle altyd moeilik gestuit word.

Vanjaar word die eerste groep van dié studente (die groep van 2009) ook gegroet, en in ons harte weet ons dat sukses hulle voorland sal wees. Na drie jaar aan Boland Kollege staan hulle absoluut gereed om 'n verskil te maak wat die veiligheid en sekuriteit van ons land betref.

Strand students in awe of hydro electric power station

Electrical Engineering students of Boland College's Strand Campus visited the Palmiet Pumped Storage Scheme and visitors centre earlier this year.

The hydro electric power station has a dual role as it supplies the national grid with up to 400MW of electricity on-demand, as well as much needed water to the Cape Town region.

Said Liesel Sherwood-Adcock of Eskom's Visitor Centre: "It was an absolute pleasure welcoming Boland College here. Electricity is something that we all use every day, so a visit to Palmiet will be of benefit to any discipline. All lecturers have to do is call and make an appointment."

The students very much enjoyed a thorough tour of the entire facility more than 20 storeys underground. Much attention was given to the environmental engineering aspects of the power plant as it is a forerunner in the field, being situated inside the ecologically sensitive Koegelberg Biosphere Reserve.

Mark Corneilse, faculty manager for the Boland College Engineering Department, accompanied the students and described the visit as well worth it. He added: "It has made me more aware of the environment and increased my appreciation for Eskom's electricity supply. I believe the students feel the same way."

The tour was highly informative and interactive and students were encouraged to ask as many questions as they wish. The centre houses multiple interactive displays showcasing the plant's inner workings and principles under which the systems operate. The plant tour is a camera free experience and even mobile phones are strictly prohibited for security and safety reaons. It took the students right down to the base of the massive generation facility where they could view the hard work, attention to detail, security and safety aspects required to operate a vital service such as electricity generation.

Lecturer Andrew Josephs described the experience as follows: "It was a good learning experience for me and my students. Eskom really surprised us with the type of engineering – civil, electrical and mechanical – they used to build the power station."

Strand Campus Engineering students pictured here while on their visit to the Palmiet plant. They much enjoyed a thorough tour of the entire facility, more than 20 storeys underground.

BC students give blood stocks a welcome boost

No less than 70 Boland College (BC) students donated blood on 17 February this year at a clinic of the Western Province Blood Transfusion Service (WPBTS) held at the College's Strand Campus in Aerodrome Road. Boland College supports (WPBTS) every few months.

Chantell Appollis (picture), a student who donated for the first time, says she will certainly do so regularly from now on because, as she puts it, "it is for a good cause and I never know when I might need blood one day. I could maybe save my mother or anyone else's life in future by making a simple blood donation on a regular basis. Moreover it is something I can always be very proud of."

Kim Van Der Schyff, Educational Officer at WPBTS, had the following to say about student donations and Boland College Strand Campus in particular: "WPBTS is enormously proud of our Province's youth who have taken up the challenge to donate blood and become part of an elite group of people who lead a sexually safe and healthy lifestyle, and make saving lives through blood donation part of who they are. WPBTS wishes to thank Boland College's Strand Campus, they truly came aboard and contributed to a successful 32 full units of blood collected during the donation drive. Well done!"

After initiatives such as the blood donation clinic at Strand Campus, Boland College hopes to encourage others to start donating. Call WPBTS on 021 507 6364 to locate your nearest donation clinic. Always bear in mind that a single donation can save up to four lives.

Jou toekoms wag - moet dit nie misloop nie.
Boland Kollege bied opwindende beroepsgerigte programme:

NASIONALE SERTIFIKAAT (N4 – N6)
- Bemarkingsbestuur
- Boerderybestuur
- Finansiële Bestuur
- Gasvryheid- en Spysenieringsdienste
- Menslike Hulpbronbestuur
- Ondernemingsbestuur
- Sekretarieel
- Sport- en Bemarkingsbestuur
- Toerisme
- Vroeë-Kindontwikkeling (Nasionale Diploma)

BEKOSTIGBARE PROGRAMME

Vir meer inligting besoek www.bolandcollege.com of kontak:

CALEDON
t: 028 212 3270
f: 028 212 3271
e: cal@bolandcollege.com

WORCESTER
t: 023 348 6920
f: 023 342 5768
e: wor@bolandcollege.com

STRAND
t: 021 853 7611
f: 021 854 8756
e: strand@bolandcollege.com

STELLENBOSCH
t: 021 887 3027
f: 021 887 0774
e: stel@bolandcollege.com

PAARL
t: 021 872 3156
f: 021 872 5944
e: paarl@bolandcollege.com

BOLAND college • kollege

www.fishgate.co.za_BC_2081